



Gen 32:22-32 Jakob worstel met God

Die God wat uitgedaag wil word

- Goethe skryf iewers in Faust dat die matroos op die ou end vasklou aan dieselfde rots waarteen sy skippie hom so pas te pletter geloop het. Hierdie skynbare teenstrydigheid leef in ons verhouding met God. Dit voel soms of ek my te pletter loop teen God, want ek verstaan Hom nie. Maar ek klou aan Hom vas, wetende my heil lê nêr by Hom.
 - Die skrywer Nikos Kzanatzakis vra 'n ou monnik of hy nog met die duiwel worstel. Nee, antwoord die monnik, ek en die duiwel is nou al twee al oud en moeg, ons los mekaar uit. So is dit nou maklik? Nee, dis nou éers moeilik, sê die monnik, want nou worstel ek met God! En jy hoop jy wen? Nee, ek worstel met God en ek hoop ek verloor!
 - Dis wat met Jakob gebeur in Gen 32. Hy worstel met God, maar genadiglik verloor hy. Eintlik was sy hele lewe maar 'n worsteling waar hy altyd wou wen. Hy uitoorlê sy broer Esau, sy Pa, sy oom Laban en hy brand brê af sover hy gaan.
 - Met niks oor nie – sonder sy mense en besittings, worstel hy met 'n man by die Jabbok-drif tot dagbreek toe.
- Sy goddelike teenstander is by verre sy meerdere, maar laat Jakob toe om terug te baklei. Hy wil uitgedaag word, want dan weet hy Jakob is nie meer afwesig of ongeërg nie. Hy is nou betrokke.
 - Jakob wil weer 'n seën inpalm, soos destyds by sy pa. Maar die seën wat hy hierdie keer ontvang, konfronteer hom met homself (hy moet sy naam uitspreek – ek is Jakob die “Bedrieër”), en werp sy ganse lewe omver. Sy nuwe identiteit as Israel gaan nou nie meer oor homself en wat hy gedoen het nie, maar oor God en wat Hy kan doen.

Sheila Cussons – Die sagte sprong

Dit kom wanneer dit nie verwag word nie: 'n aanraking van die verstand lig soos 'n veer, vlugtig maar presies en jy dink as sy ligtheid so is, so potent dat die aandag nog lank daarna die indruk behou, hoe moet sy vasvat wees? Dit kom wanneer dit nie verwag word nie: iets wat die bewussyn tot in die lewe tref, iets soos 'n sagte sprong – vreugde verbasing, vreugde, herkenning: hoe moet u vasvat wees?

Jakob baklei, wyl God dans

- God is skynbaar nie net God vir diegene wat net in Hom wil rus en dankbaar aanvaar wat ook al oor hulle pad kom nie. God nooi ons uit tot stryd en konfrontasie met Hom.
- Hierdie worsteling in Gen 32 word aangrypend in die kunste aangebied. Rembrandt se skildery (sien regs) wys die Engel as teer en ondersteunend. Die worsteling is eerder 'n omhelsing. "All night they wrestle, locked in an embrace. Sheltered by outspread wings, Jacob leans into the struggle like a child dreaming on a mother's lap."
- Delacroix (sien onder) beeld dit uit as 'n dans. Jakob se wapens, mense en diere is los eenkant – hy is broos. Hy veg as rou Jakob. Die Engel kyk byna geamuseer na Jakob, terwyl Hy Jakob se frustrasie en

woede absorbeer. En die worsteling word soos 'n Tango – vol passie, die ineengestremde van twee dansers wat hulle identiteit in die worsteling met die Ander ontdek.

